

# EKSTEEN NUUSBRIEF

**NOVEMBER/ DESEMBER 2010**

***"Nothing is impossible with God."***

***-LUKE 1:37-***



**<u>BO</u>: MILANGE, SOOS DIT HIER LYK TYDENS DIE REËNSEISOEN.**



**<u>BO</u>: BESIG OM DIE BAGASIE VAN DIE AANSTAANDE DOMINEES TE LAAI VIR VERVOER NA HUL GEMEENTES.**

**<u>ONDER</u>: NUWE PREDIKANTE, DS LUÍS FRANCISKO (HEEL LINKS) EN DS TOMÁS GOLIAT (HEEL REGS) SAAM MET HUL GESINNE.**



Hallo Vriende;

Dit is 'n heerlike tyd van die jaar om op Milange te wees: Dit reën! Ek skryf gisteraand op Facebook dat dit in 40 uur 120mm gereën het. Die paddas kwaak en die krieke kriek of wat dit ook al is wat krieke doen (raas). Ja, die hele skepping sing saam oor hoe lekker dit is as dit begin reën en alles rondom jou groen is.

Baie van julle maak dalk al gereed om op vakansie te gaan en die wat by die huis gaan bly, sien darem seker ook al uit na 'n paar dae van rus in die komende Kerstyd. Ook ons Afrika Kersboom staan al op sy plek, maar ons beplan nie om van die huis af weg te wees in hierdie tyd nie, want ons is nog uitgerus na ons Oktober-vakansie saam met die familie in die Kaap. Nie dat ons eintlik nou sou wou weggaan nie, dit is regtig 'n tyd van seën om die natuur te kan dophou, ook die mense wat in hulle landjies werk en soveel meer as ons afhanklik is van die reën wat val.

Seën vir elkeen van julle toegebid vir hierdie Feesseisoen en ook vir 2011. Groete. Kobus en Nana.

## EVANGELISASIE NUUS

Dit is weer daardie tyd van die jaar wat die Teologiese studente afstudeer en in hul nuwe gemeentes ontvang word en ook hier in die Tumbine Sinode het ons twee van die nuwe predikante ontvang. Ds Tomás Goliat, 'n klein mannetjie met 'n groot hart, sal in my buurgemeente, Micongoni, diens doen terwyl Ds Luís Francisko in Liazi gemeente bevestig sal word. Dit was 'n heerlike voorreg om hul gradeplegtigheid te kon bywoon en hul ywer en entoesiasme vir die bediening te aanskou.

Ons het ook die afgelope naweek weer 'n besoek aan Posto Shire gebring waar ons drie nuwe wyksgemeentes besoek het. Hoewel dit buite die grense van my eie gemeente en ring val, word dit steeds as 'n "Sending Gebied" beskou, wat as sulks van tyd tot tyd deur die kerk se sendingkommissie, waarvan ek deel is, besoek word. Dit het regtig gevoel asof ek net 'n toeskouer is van dit wat die Here self beplan en uitvoer. Ons moes rondom omgekeerde bome en deur rivierdriffies kom (en weer terug), maar elke keer het die Here self die oplossing gegee, selfs toe die projektor nie wou werk nie, het Hy uitkoms gegee en kon ons steeds die Jesus-film wys. Ons ervaring is dat die Here vir ons tans 'n oop deur in hierdie area gee.

## GEMEENTENUUS

Wanneer dit eers begin reën neem kerklike aktiwiteite aansienlik af, omdat mense in hul lande werk. Dit maak egter my program lekker vry om besoeke by individue aan huis te kan doen.

Ongelukkig moes ek ook met my terugkeer uit SA verneem dat kwaaddoeners die kerkie by Nanchengua, een van my wyksgemeentes, afgebrand het. Die Here gebruik dit egter so tot sy eer, want die eenheid onder die lidmate daar is nou beter as vantevore en hulle is ook nou alweer amper klaar met die bou van 'n nuwe kerkie.

## GEBEDSVERSOEKE

- Besoeke aan lidmate – Dat die Here vir ons duidelik sal wys en sal lei as daar iemand spesifiek is met wie Hy 'n afspraak het in hierdie tyd en vir wie ons moet besoek.
- Die voortgaande proses van sendingbewusmaking binne die gemeente.
- Die wyksgemeente in Nanchengua: Dat hul die brandstigters sal vergewe.
- Die nuwe predikante en hul gesinne.
- Die werk in Posto Shire. Dat die Here die deur sal oophou en mense sal stuur om die werk te doen.
- Vir ons persoonlik: Goeie gesondheid, ywer en deursettingsvermoë.